## Biologie-onderwysers se sienings en houdings ten opsigte van praktiese werk in die Khomas-streek, Namibië

Die Biologie-eksamenverslae toon dat die prestasie van leerders in vraestel 3 (die praktiese eksamenvraestel) matig tot laag is. Daar word geen redes t.o.v hierdie uitkoms aangetoon nie. Gevolglik is daar ‘n belangstelling om te wete te kom waarom leerders 'n lae prestasie in hierdie spesifieke vraestel, in vergelyking met vraestelle 1 en 2, behaal. Die praktiese werk, as 'n deel van die wetenskaplike opvoedkundige kurrikulum, word beskou as 'n metode om leerders by die praktiese beoefening van wetenskap te betrek. Die bedoeling is om leerders te help om die mikpunt van ‘n voldoende gedetaileerde wetenskaplike ondersoek te bereik, soos deur die kurrikum vereis word; aangesien dit die kern van wetenskapsbeoefening vorm.

Die studie volg ‘n kwantitatiewe ontwerp, wat gebruik maak van 'n vraelys met enkele kort kwalitatiewe vrae ook ingesluit. Die instrument bevat items wat egter deeglik bestudeer en ondersoek moes word met die oog op dataverkryging. Die populasie bestaan uit Biologieonderwysers wat Graad 9 tot 11 leerders onderrig in die hoërskole in die betrokke Khomas streek van Namibia. Die studie het in 2019 ten minste twee tot drie Biologie-onderwysers per skool in die Khomas-streek betrek.

Hierdie studie se doel is om die sienings en houdings van Biologieonderwysers ten opsigte van praktiese werk in die Khomas-streek van Namibië te beoordeel. Die deelnemers van die studie het die insluiting van die praktiese doelwitte wat gelys is, en die items wat gegenereer is, omarm, en volgens hulle vlakke van belangrikheid gerangskik. Die doel is om die deelnemers se houding t.o.v die praktiese werk te toets. Die studie het bevind dat onderwysers oor die algemeen positiewe houdings teenoor praktiese werk getoon het. Daar was geen beduidende verskille in onderwysers se prioritisering van verskillende items op die instrument wat hul sienings teenoor die doelstelling van praktiese werk gemeet het nie. Oor die algemeen was daar  ook geen beduidende verskille tussen manlike en vroulike onderwysers se houdings en sienings oor praktiese werk nie.